

# Eerste turbine is byna reg vir wind

**MARISKA SPOORMAKER**

*Port Elizabeth*

**D**ie Baai se berugte wind het gisteroggend weer goed spiere gebult toe die eerste turbine vir die R1,2 miljard-windplaas by die Coega-nywerheidsontwikkelingsone in plek moes kom.

Die windspoed van 14/15 meter per sekonde was net te sterk om die laaste loodsware silinder op te hys waar dit 95 m bo grondvlak op die ander silinders geplaas moes word.

Teen 14:30 het die wind darem genoeg spoed verloor om die sware taak, en so ook die installering van die kragopwekkers, moontlik te maak.


Nou is dit nog net die lemme wat in plek moet kom en dan het Port Elizabeth sy eerste super-windmeule, een van 'n voorgestelde 24 ander 1,8 MW-turbines in die Coega-windplaas.

"'n Windspoed van slegs 4 m per sekonde is nodig om die turbine te begin draai," het die projekbestuurder, mnr. Dane Zijlstra, gesê.

Volgens projeksies sal dié turbine genoeg elektrisiteit via Eskom se verspreidingsnetwerk aan die Nelson Mandelabaai-stadion tydens die Wêreldbeker-sokkerwedstryde verskaf.

"En as al 25 windturbines in plek is, sal genoeg krag (50 MW) vir die hele Coega-nywerheidsgebied en die hawe opgewek kan word," het mnr. Bryan Hodgkinson, besturende direkteur van Vanguard, gesê.

Vanguard is die maatskappy wat die 100 m hoë hidrouliese hyskraan van R70 miljoen by Coega



**Die reuse-windturbine by die Coega-windplaas wat binne die volgende paar dae reg sal wees om krag uit windenergie op te wek.**

**Foto: BEVERLEY DARLOW**

vir die oprigting van die R28 miljoen-windturbine staangemaak het.

Dié maatskappy werk ten nou-

ste saam met Electrawinds, die hernieubare-energie-maatskappy van België wat met sy R1,2 miljard-belegging die Coega-windplaas moontlik maak.

Die gedagte vir verdere ontwikkeling is dat individuele beleggers die afsonderlike turbines – teen 'n beraamde €1 miljoen – koop.

Dié beleggers sal dan weer hul geld verhaal deur die windkrag aan Eskom te verkoop.

Sou bogenoemde plan verloop soos dit moet, behoort al 25 turbines teen 2011 en Suid-Afrika se eerste kommersiële windplaas in werking te wees.

Vir Eskom is dié verwikkeling goeie nuus.

"Ons sien daarna uit om Port Elizabeth se windkrag op die nasionale netwerk te laai," het mnr. Andrew Etzinger, hoofbestuurder van kliënte en netwerke, gesê.

Hy het verduidelik dat Eskom al jare lank gedruk het om krag van onafhanklike kragverskaffers te kry, maar die gebrek aan geld om dié krag van die verskaffers aan te koop, was tot dusver die grootste struikelblok.

"Die ooreenkomste rondom tariefverhogings wat egter in Februarie met die nasionale energie-reguleerder (Nersa) bereik is, het dit egter nou moontlik gemaak.

"Daar is nog net 'n paar regulasies wat binne die volgende paar maande in plek moet kom, dan rol die wiele," het Etzinger bygevoeg.

Die bykomende verkryging van onder meer alternatiewe energie soos byvoorbeeld son- en windkrag is deel van Eskom se strategie om teen 2011 'n bykomende 517 MW in die nasionale verspreidingsnetwerk te laai.